Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

5 Augustus 2020

Graad 8-11 ouers/voogde

Graag wil ons aan u die reëlings rakende die terugkeer na die skool van die Graad 8-11 leerders deurgee. Bestudeer dit asb. noukeurig.

1. Infasering van Graad 8 -11:

Omdat Die Hoërskool Wonderboom reeds vooraf aansoek gedoen het vir die vroeë infasering van al die grade van die skool, sal die leerders van Graad 8 – 11 reeds volgende week terugkeer skool toe. Ons Graad 10 & 11 leerders sal dus vanaf Dinsdag 11 Augustus (Groep 2) en Woensdag 12 Augustus (Groep 1) en ons graad 8 & 9 leerders vanaf Woensdag 12 Augustus (Groep 1) en Donderdag 13 Augustus (Groep 2) terugkeer skool toe.

Volgens regulasies mag 'n skool slegs 50% van sy leerders per dag by die skool akkommodeer. Alle grade behalwe graad 12 word dus in twee verdeel en verdeling geskied volgens voogklas. Die rooster sal oor 'n tiendag siklus verloop om gelyke bywoning van alle leerders te verseker. Graad 10 en 11 is reeds vertroud met die proses, vervolgens sal Groep 2 op die 11de Augustus en Groep 1 op die 12de Augustus begin a.g.v. die 10de wat 'n Openbare vakansiedag is.

Hier volg die reëlings vir Graad 8 en 9 leerders vir die eerste twee weke:

Die dae wat elke groep vir die volgende twee weke skool moet bywoon lyk soos volg:

Groep 1

Week 1: Woensdag 12 Aug en Vrydag 14 Aug.
Week 2: Dinsdag 18 Aug en Donderdag 20 Aug.

Groep 2

Week 1: Donderdag 13 Aug.
Week 2: Maandag 17 Aug, Woensdag 19 Aug en Vrydag 21 Aug.

Hierna sal groep 1 , Maandag, Woensdag en Vrydag in week 1 en Dinsdag en Donderdag in week 2 skool bywoon. Groep 2 sal in week 1 Dinsdag en Donderdag en in week 2 Maandag, Woensdag en Vrydag skool bywoon.

2. Groepindelings:

Elke voogklas is in die helfte gedeel, volgens die leerders se vanne. Maak asb. seker dat u weet in watter groep u kind is. Slegs leerders wie in 'n spesifieke groep is, sal by die hek toegang tot die skool verkry. Ouers moet asseblief nie navrae doen om leerders van groepe te verskuif nie. Die getalle is volgens hierdie indeling gedoen ten einde die skool bestuurbaar te maak.

Graad 8 - Groepindeling:

	Groep 1 (12 Aug)	**Groep 2 (13 Aug)**
8/1	Adlem tot Jansen van Noordwyk	Joubert tot Van Zyl
8/2	Aucamp tot Mafafo	Makunyane tot Wentzel
8/3	Bester tot Komane	Lenkwati tot Venter
8/4	Bekker tot Kruger	Liebenberg tot Van Schalkwyk
8/5	Bloemhof tot La Cante	La Grange tot Visser
8/6	Botha tot Nell	O'kelly tot Wilson
8/7	Bronkhorst tot Liebenberg	Lundt tot Visagé
8/8	Adams tot Prinsloo	Russouw tot Vermaak

Voogklasse waarheen graad 8-leerders sal gaan vir onderrig:

Klas	Voogpersoneellid	Klaskamer waar leerders geplaas is:
8/1	Mnr G Snyder	O/12
8/2	Me R Steyn	O/24
8/3	Mnr W Janse van Rensburg	O/19
8/4	Me J Hartzenberg	O/20
8/5	Me M Bronkhorst	O/21
8/6	Me K V der Burgh	O/64 (Klas langs houtwerklokaal)
8/7	Me J Du Toit	O/5
8/8	Me H Holland-Müter	F 24 (Me A Loubser se klaskamer)

Graad 9 - Groepindeling:

	Groep 1 (12 Aug)	**Groep 2 (13 Aug)**
9/1	Adendorff tot Koekemoer	Makgopa tot Vermaak
9/2	Arries tot Jordaan	Kotzé tot Yssel
9/3	Blignaut tot Nel	Rauch tot Williams
9/4	Autef tot Grové	Janse Van Rensburg tot Vermaak
9/5	Boshoff tot Megala	Möller tot Weber
9/6	Bakker tot Lemmer	Lucas tot Van der Walt
9/7	Bam tot Lubbe	Mogale tot Viljoen
9/8	Barwise tot Lourens	Moilwe tot Vermaak

Voogklasse waarheen graad 9 leerders sal gaan vir onderrig:

Klas	Voogpersoneellid	Klaskamer waar leerders geplaas is:
9/1	Me T Jacobs	O6 (Me S Venter se klaskamer)
9/2	Mnr L Roodt	F23 (Me N Crous se klaskamer)
9/3	Me E Vd Linde	F15 (Me H Pretorius se klaskamer)
9/4	Me E Hornby	F7 (Me E vd Linde se klaskamer)
9/5	Me M Kempen	O9 (Me L Kemp se klaskamer)
9/6	Me N Crous	O56A (Me R Engelbrecht se klaskamer)
9/7	Me V Rheeder	O15 (Me R Steyn se klaskamer)
9/8	Me W Pienaar	O22 (Me M Bronkhorst se klaskamer)

3. Algemene reëlings:

- Die hekke sal reeds 6:15 oop wees.
- Graad 8, 10 en 11 leerders verkry toegang tot die skool by die onderste hek (sporthek)
- Graad 9-leerders verkry toegang tot die skool by die hoofhek.
- Graad 9-ouers: Geen ouer mag tot by die hoofhek ry nie. Motors gaan reeds by die draai van die dienspad gestop word. Leerders moet asseblief by die draai van die dienspad reeds afgelaai word vir 'n flukse stappie tot by die hoofhek.
- Leerders moet wanneer hulle by die skool arriveer, reeds hul maskers dra.
- Volledige, korrekte skooldrag moet gedra word. Indien leerders nie korrek geklee is nie, sal hul eers korrekte skooldrag moet gaan aantrek voor hul toegang tot die skool kan kry. Voorkoms is belangrik. Leerders sal slegs vir Augustus nog toegelaat word om met hulle skool-sweetpakke skool toe te kom. Geen huishemde mag gedra word nie.
- Op die plaveisel is daar lyne vir sosiale afstande. Leerders moet asb. hou by die afstande.
- Leerders gaan dan deur 'n sanitasieproses en hul temperatuur sal geneem word.
- Hierna is daar 'n vraelys wat hulle by die tafels moet voltooi (vrae sal gevra word). Dit dien ook as presensielys vir die dag.
- Binne die skoolterrein moet hulle asb. steeds sosiale afstande handhaaf. Indien sosiale afstande nie gehandhaaf word nie of maskers nie gedra word nie, sal ouers gekontak word om leerders onmiddellik te kom haal.

- Leerders gaan eers 'n voogperiode hê waar alle gesonheid- en veiligheidsreëlings verduidelik sal word.
- Leerders kan ook hul eie sanitasie-produkte saambring vir eie gebruik.

4. Bymekaarkom-areas vir grade voor die begin van die skool en gedurende pouses:

Gr 12- Vierkant.
Gr 11- Plaveisel en pawiljoen area by die tennisbane.
Gr 10- Pawiljoen.
Gr 9- Roostuin, area voor O59 A en B.
Gr 8- Binneplein by die Vikings se aantreeblad

5. Skoolure:

Die skoolure is aangepas. Die skool verdaag in sarsies rondom 14:20. Nadat leerders die skool verlaat het, moet hulle dadelik huis toe beweeg. Geen leerder mag op die terrein, ná skool, wag nie.

Op 12- en 13 Augustus moet die Graad 8- en 9-leerders reeds om 7:25 by die skool wees vir hul oriëntering rakende die Covid-19 regulasies. Die Graad 10-12 leerders se klasse sal egter op dié twee dae eers om 8:10 begin.

6. Klasse:

Die Graad 8 en 9-leerders sal staties in 'n klas sit vir die duur van die dag. Hulle sal dus nie wissel soos die Graad 10-12 leerders nie, aangesien hulle nie keusevakke het nie, maar almal dieselfde rooster volg. Leerders sal slegs uit die klas beweeg vir hul leesperiode, pouse en indien hul as deel van Skeppende Kunste die vakke Musiek of Dans neem.

7. Snoepie:

Die snoepie is oop gedurende pouses maar weens die Covid-19 regulasies sal die volgende reëlings geld: Leerders moet voor skool 'n bestelling, saam met die betaling, by die snoepie gaan plaas. Gedurende die eerste deel van pouse word bestellings dan uitgedeel. Gedurende die tweede deel van pouse sal leerders, indien daar nog tyd beskikbaar is, gehelp kan word vir enige ander aankope. Alle sosiale afstande moet hier ook gehandhaaf word en daarom is daar duidelike merke vir sodanige afstande by die snoepie aangebring.

8. Google Classroom:

Wanneer 'n Graad infaseer, sal die Google Classroom in die huidige formaat nie verder funksioneer nie. Leerders sal dan in die klas onderrig ontvang. Leerders sal van nuwe wagwoorde en gebruikersname voorsien word wat binne die domein van die skool se G-suite geregistreer is. Leerders sal dan nie meer kan aansluit by 'n Google-Classroom klaskamer alvorens hulle nie met die nuwe gebruikersname aangeteken het nie.
Verskeie toetse gaan steeds d.m.v. die klaskamer gedoen word, ten einde leerders akademies voor te berei en om die risiko van verspreiding van Covid-19 te beperk. Daar is nie beperkte voorsiening gemaak vir toetse in skooltyd binne die aangepaste leerplan.

9. Dissipline

Geen wangedrag sal geduld word nie. Indien 'n leerder hom aan wangedrag skuldig maak, sal die skool genoop wees om so leerder summier huis toe te stuur. Daar word van elke leerder verwag om gedurende hierdie stresvolle tyd geen onnodige las op personeel of medeleerders te plaas a.g.v. wangedrag nie. Onderrig kan net suksesvol wees indien 'n aangename leeromgewing vir almal verseker word en dit is des te meer nou die geval.

10. Tuisstudie

Indien leerders ernstige ko-morbiditeite het mag hulle volgens regulasies tuis bly sonder om van die skool se register afgehaal te word. Ouers moet egter die aansoekvorms hiervoor voltooi. Indien ouers vir enige ander rede 'n leerder noodgedwonge by die huis moet hou, moet u 'n e-pos aan Mev. L. Brits (admin@wonnies.co.za) stuur en u redes duidelik aantoon. Die skool sal dan met u in verbinding tree om die nodige amptelike dokumentasie te voltooi.

NB! Personeel sal op Donderdae 'n opsomming van die week se werk wat gedoen is en huiswerk op die Google-Classroom plaas. Dit is ongelukkig nie moontlik om volledige lesse in 'n aanlyn-onderrig formaat ook te plaas nie omdat personeel voltyds skoolgee. Hierdie leerders moet dus op datum bly met hulle skoolwerk. Hulle kan wel vrae op die platform aan die onderwyser vra, wat dan beantwoord sal word op 'n tyd wat vir die onderwyser geleë is.

11. Kommunikasie met die skool:

Dit is baie belangrik dat u as ouer deurgaans met die skool kommunikeer. Indien u bewus is van enige direkte kontak (minder as 1,5*m* vir langer as 15 minute, sonder 'n masker) wat u kind met 'n bevestigde Covid-19 geval gehad het, moet u die skool laat weet en die leerder moet isoleer. U kan 'n e-pos na admin@wonnies.co.za stuur indien die skool van enige iets bewus moet wees.

12. Leerders wat nie terugkeer skool toe nie:

Ons doen ook 'n beroep op u as ouers om die skool te kontak, indien u kind nie gaan terugkeer skool toe nie. Die leerders gaan hard werk om die jaar se kurrikulum te voltooi en dit skep baie onsekerhede as die personeel nie weet of die leerder punte moet kry of nie. U kan me. Bekker kontak (hbekker17@gmail.com) om 'n "skoolverlatersvorm" te verkry, waarna die proses en prosedure om die skool te verlaat, afgehandel kan word.

Die Wonnie-personeel is egter baie opgewonde om alle grade een van die dae terug te verwelkom by die skool.

M LEZAR
SKOOLHOOF